**'N KOLLEGIALE GESPREK OOR DIE 'PEDAGOGIE VAN HOOP' AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

Sanlamsaal, Die Neelsie, 1 Junie 2010

**Openingswoorde deur Russel Botman, Rektor en Visekanselier**

---

Dankie, voorsitter.

Goeiemiddag, kollegas. *Molweni*. *Good afternoon*.

Ek is bly om almal van julle hier te sien. Dis goed om elke nou en dan gedagtes te wissel, veral oor sake van wesenlike belang wat die **plek, rol en funksie van ons instelling in die samelewing** raak.

OORLEGPLEGING

Die Universiteit Stellenbosch (US) is geruime tyd al besig om homself in die hoëronderwyslandskap te herposisioneer – en dis reg so. Die wêreld bly draai, en ons kan nie stilstaan nie.

In die jaar 2000 was daar die *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná* (US, 2000a). Dít het die Universiteit se *Visie 2012* (US, 2000b) vergestalt, en, soos julle weet, word daar tans oorleg gepleeg oor *Visie 2015* (US, 2000c). Gaan kyk gerus na die menings hieroor op die Universiteit se webtuiste, en lewer self kommentaar. Hoe meer stemme, hoe meer vreugde!

Dít geld ook die Pedagogie van Hoop. Toe ek drie jaar gelede hierdie amp aanvaar het, het ek hierdie konsep, wat deur die Brasiliaanse opvoeder Paulo Freire se *Pedagogy of the Oppressed* (2006a) en sy latere *Pedagogy of Hope* (2006b) geïnspireer is, gekies om ŉ gesprek oor die **plek en rol van die Universiteit in die samelewing** aan die gang te sit (sien Botman 2007). Dit het sedertdien baie kommentaar uitgelok, maar die gesprek is nog nie naastenby klaar nie. Daar is nog baie om oor te gesels, en dus waardeer ek julle teenwoordigheid hier.

Freire het sy aanvanklike bydraes gelewer in ŉ tyd toe daar in Brasilië baie gedoen is vir die elite, maar weinig vir die arm mense, veral dié in landelike gebiede. Dit het hom aan die dink gesit: Indien hierdie mense onderrig kon ontvang, sou hulle in die lewe kon vorder.

Toe verander die situasie – die politiek het begin normaliseer, maar steeds is die ekonomies en maatskaplik armste mense uitgesluit. Freire het begin besin oor die rol van onderwys in ŉ demokrasie. Dit was immers een iets om ŉ bepaalde bestel die stryd aan te sê, maar ŉ perd van ŉ ander kleur om jou doelwitte as deel van die nuwe demokrasie te probeer bereik.

In so ŉ situasie word die rol van onderwys – ook hoër onderwys – om burgers by te staan om deelnemende, begunstigde, kritiese lede van die samelewing te word.

Freire het gesnap dat wanneer ŉ samelewing normaliseer, politici nie op hulle laat wag om mense te leer hoe om te stem nie, want hulle soek mag, maar dat hulle ongelukkig nalaat om ons te leer hoe om in ŉ demokrasie te leef. Hulle kyk toe hoe die samelewing uitrafel sonder om behoorlike leiding te voorsien.

Dít is die soort goed waaroor ons in Suid-Afrika moet praat. Ons moet daaroor praat terwyl ons nog kan; terwyl die gewilligheid om te praat nog bestaan.

Soms verg dit een waagmoedige gesprek vir ŉ ander om te volg. Vandag se gesprek sluit aan by ŉ raadplegingsproses onder leiding van die Viserektor (Onderrig), prof Magda Fourie. Dit het op 20 Januarie met ŉ inleidende gesprek afgeskop, wat op ŉ 'gespreksdokument', "'n Pedagogie van Hoop as riglynkonsep van die Universiteit Stellenbosch" (ongepubliseer), uitgeloop het.

Dié dokument is aan die einde van Januarie by die Universiteit se Institusionele Beplanningsforum ingedien, en die insette wat daar verkry is, is by ŉ tweede konsep van die gespreksdokument ingesluit wat uiteindelik vir kommentaar versprei is. Alle fakulteite en afdelings – almal wat aan die Universiteit verbonde is – is genooi om hul kommentaar teen volgende Vrydag, 11 Junie, in te dien. (Vra asb. jou lynhoof vir ŉ afskrif.)

<u>OOP GESPREK</u>

In dié 'gespreksdokument' word die Pedagogie van Hoop van alle kante beskou. Positiewe aspekte sowel as negatiewe opvattings word belig. Byvoorbeeld:

- Sommiges meen dis goed dat relevansie beklemtoon word, want dit fokus die Universiteit se aandag op sosio-ekonomiese probleme. Ander sien hierin ŉ bedreiging vir akademiese vryheid.
- Sommiges het ŉ ideologiese beswaar teen die Pedagogie van Hoop weens wat hulle die Neo-Marxistiese ontstaansgeskiedenis van die konsep noem. Ander sien ŉ normatiewe en historiese uitdaging raak om sosio-ekonomiese geregtigheid na te streef.
- Sommiges meen die konsep het ŉ religieuse strekking, wat dit onvanpas maak vir ŉ instelling wat wetenskaplike kennis bevorder. Ander vertolk dit as ŉ sekulêre klem op die 'moontlike' eerder as ŉ gedweë aanvaarding van die 'gegewe'.

Dié soort waagmoedige, 'oop' gesprek word verwelkom. Die universiteit is nie ŉ ideologie-fabriek nie – dis ŉ plek van idees, selfs omstrede idees. Hipoteses moet altyd getoets kan word. Ons moet altyd kan bevraagteken, ondersoek instel en krities wees as ons in die soeke na die waarheid belang stel.

Dít geld ook hierdie kollegiale gesprek vandag. Elkeen moet vry voel om sy of haar standpunt te stel, en almal van ons moet oop bly vir oortuiging, met respek vir mekaar. Dis ál manier om mens te wees te midde van ŉ diversiteit van denke.

Die Universiteit staan op die punt om ŉ hoëprofiel- openbare bevorderingsveldtog ("advancement campaign") onder die vaandel van 'Hoop' van stapel te stuur. Die doel van dié veldtog is enersyds bemarking en fondsinsameling – ŉ eksterne fokus, dus. Dis egter ook ŉ interne heroriëntering van die Universiteit ten opsigte van die geleenthede en uitdagings wat die hede en toekoms inhou.

<u>HOOP</u>

**Wat is ŉ universiteit, en watter plek en rol behoort dit in die samelewing te hê?** Dít is die vrae agter die konsep van ŉ Pedagogie van Hoop, soos die US dit die afgelope drie jaar gebruik.

Uit die hoek van ŉ Pedagogie van Hoop is die antwoord dat ŉ universiteit ŉ plek van relevansie behoort te wees. In ons konteks beteken dit dat die US ŉ plek van waarde vir die mense van Suid-Afrika, die res van die vasteland, en die wêreld in sy geheel moet wees.

In 2000 (sien Universiteit Stellenbosch 2000a) het die Universiteit "sy bydrae tot die ongeregtighede van die verlede" erken en hom tot "regstelling" verbind, waarna hy soos volg sou streef:

- "Billikheid" – die opbou van ʼn studente- en personeelkorps wat die samelewing se demografie beter verteenwoordig
- "Diensbaarheid" – die bevordering van ontwikkeling in benadeelde gemeenskappe en gebiede. (Indien ons om ons sou rondkyk, is dit duidelik dat die wêreld merendeels uit onderontwikkelde gebiede bestaan.)

Die Pedagogie van Hoop wat in 2007 as ʼn moontlike leitmotief vir die Universiteit ingestel is, was ʼn poging om te verseker dat hierdie verbintenisse prakties verwesenlik word. Dit moes meer as net ʼn sin in ʼn stowwerige dokument wees.

- Om die kernbedrywighede van die Universiteit – naamlik onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie – te rig is vyf temas uit die internasionale ontwikkelingsagenda gehaal (sien bylae).
- Ons fakulteite het met 21 interdissiplinêre projekte en verskeie steunprogramme (sien bylae) met betrekking tot hierdie temas vorendag gekom.

In ʼn neutedop is dít die hoop waarvan ons die wêreld op 21 Julie sal vertel: vyf temas, 21 projekte en ʼn handvol steunprogramme wat volgens ons 'die wêreld sal verander'. Dit ís nogal ʼn ambisieuse aanspraak, maar is tog nie heeltemal ongegrond nie. Soos president Nelson Mandela gesê het: "Onderwys is die kragtigste wapen om die wêreld mee te verander."

Voorsitter, ek gaan nie veel langer praat nie, want dis belangrik om die deelnemers se insette te kry. Ek vind die volgende perspektief egter besonder nuttig.

## PARADIGMATIESE SIENINGE VAN DIE UNIVERSITEIT

In die boek *Universiteit, Wetenskap en Kultuur: Opstelle oor die Krisis, Uitdagings en Geleenthede van die Moderne Universiteit, saamgestel en ingelei deur Anton van Niekerk*, identifiseer Hennie Rossouw (1993), oudhoogleraar in Filosofie aan die US, en ʼn voormalige Viserektor (Akademies), drie denkbeelde oor die universiteit, naamlik die pedagogiese, die kognitivistiese en die pragmatistiese.

Rossouw (1993) sê dis "verskillende stelle **voorveronderstellings en oortuigings omtrent die karakter en die funksie van die universiteit**" (my klem), maar stel dit ook duidelik dat "hoewel hulle onderling mededingend is en ʼn mens daarom oënskynlik voor ʼn keuse stel, sluit hulle mekaar nie volledig uit nie".

### Pedagogiese paradigma

In die pedagogiese paradigma word die universiteit gesien as ʼn "sentrum van opvoeding of algemene vorming deur hoër onderwys ... in die tradisie van die wetenskaplike denke".

Die ideale afgestudeerde is "die afgeronde en breed georiënteerde intellektueel", wat waarde heg aan "rasionele denke", "gegronde oordeelsvorming" en die "oop gesprek". Dis iemand met ʼn "gesonde skepsis"; iemand wat "alternatiewe standpunte en idees verwelkom".

Die gunsteling-werkwyse binne dié raamwerk is die kollegemodel, m.a.w. ʼn "gemeenskap van interaktiewe akademiese ampsgenote wat mekaar intellektueel slyp". Wat verskillende akademiese dissiplines betref, is "totalisering" is die doel, nie "spesialisering" nie.

Kognitivistiese paradigma

Volgens die kognitivistiese siening hou die universiteit hom hoofsaaklik met die “uitbreiding van kennis” besig – spesifiek “nuwe kennis” wat deur “navorsing volgens die streng eise van die wetenskaplike metode” verwerf word.

Die afgestudeerde is iemand wat oor die “intellektuele vaardighede” beskik wat nodig is vir “selfstandige navorsing”. Ter wille van die “betroubaarheid” van die kennisproduk, stel hy prys op “onpersoonlike en gestandaardiseerde prosedures en metodes”.

Die werkwyse is die instituutmodel – ŉ toegewyde werksruimte waarbinne gespesialiseerde toerusting en geriewe beskikbaar is. Die uitwisseling van idees word nie uitgesluit nie, maar die regte metode – die wetenskap – waarborg die regte resultaat –betroubare kennis.

Pragmatistiese paradigma

In die pragmatistiese paradigma is die universiteit se plek en rol om “prakties nuttig” te wees en “benutbare produkte” op te lewer. Dit is ŉ “instrument” ter bevordering van “eksterne doelwitte”, bv. sosiale geregtigheid of ekonomiese voortuitgang.

Dié siening is ŉ reaksie op die ivoortoringbeeld van die universiteit as “instelling wat in totale isolasie van sy omgewing allerlei esoteriese aktiwiteite bedryf”. Hierteenoor word die “eis van relevansie” gestel – nl. “doelgerigte betrokkenheid by die aktuele behoeftes van die omringende maatskappy”.

Die skoolmodel pas die beste by dié paradigma, d.w.s. selfstandige eenhede wat georganiseer is rondom die behoeftes van spesifieke beroepe of funksies. Die klem val op die gedissiplineerde voorbereiding van vakkundiges. “Kundige leermeesters” maak “leerlinge” gereed vir die “suksesvolle vervulling van maatskaplike take en verantwoordelikhede”.

Ja, die universiteit vorm mense en brei kennis uit, maar daar moet ŉ nuttigheidswaarde hieraan wees. Sy produkte moet opgeleide mense wees – vakkundiges wat met die vaardighede wat deur die beroepswêreld en maatskaplike funksies vereis word, toegerus is.

WAAR PAS DIE HOOPSKEPPENDE UNIVERSITEIT IN?

Soos ons die Pedagogie van Hoop gebruik, slaan dit nie net op die pedagogiese funksie of opvoedingstaak van die universiteit nie, maar het dit ook betrekking op kennisontsluiting en -toepassing. Dit wil juis ŉ inklusiewe en geïntegreerde benadering wees.

Die Pedagogie van Hoop stel ewe veel belang in die kritiese denker met ŉ gesonde skepsis, as wat dit ŉ betoog lewer vir relevansie in die konteks van menslike ontwikkeling.

Dit kan soos volg saamgevat word: Die US is ŉ plek waar kennis nagestreef (kognitivistiese) *en* oorgedra (pedagogiese) *en* toegepas (pragmatitistiese) word met die oog daarop om die wêreld ŉ beter plek maak; ŉ plek wat dus hoop skep.

SLOT

Ek het begin deur sekere kritiese vrae oor die Pedagogie van Hoop aan die orde te stel:

- Bedreig die aandrang op relevansie akademiese vryheid?
- Maak die wortels van ŉ kritiese pedagogie die waarde daarvan tot niet?
- Het die hoopboodskap ŉ religieuse inslag wat met die kennisstrewe van die wetenskap bots?

Ek weet wat my antwoorde op hierdie vrae is, en kan by ’n volgende geleentheid daarop uitbrei. Nou wil ek eers hoor wat julle sê.

Baie dankie.

-o0o-

**<u>VERWYSINGS</u>**


**Botman, H.R.** 2007. *'n Multikulturele Universiteit met 'n Pedagogie van Hoop uit Afrika: Inhuldigingstoespraak*. Internet URL: www.sun.ac.za/university/Management/rektor/toesprake.html

**Freire, Paulo**. 2006a (1970). *Pedagogy of the Oppressed*. New York: Continuum.

**Freire, Paulo**. 2006b (1992). *Pedagogy of Hope: reliving Pedagogy of the Oppressed*. New York: Continuum.

**Rossouw, H.W**. 1993. *Universiteit, Wetenskap en Kultuur: Opstelle oor die Krisis, Uitdagings en Geleenthede van die Moderne Universiteit; Saamgestel en Ingelei deur Anton van Niekerk*. Kaapstad: Tafelberg.

**Universiteit Stellenbosch**. 2000a. *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná*. Internet URL: *www.sun.ac.za/university/stratplan/strat_afr.htm*

**Universiteit Stellenbosch**. 2000b. *Visie 2012*. Internet URL: www.sun.ac.za/university/StratPlan/stratdok.htm#visie

**Universiteit Stellenbosch**. 2000c. *Visie 2015*. Internet URL: http://blogs.sun.ac.za/visie2015/

## BYLAE

**Die Universiteit Stellenbosch se strategiese ontwikkelingstemas:**

1. Die uitwissing van armoede en verwante toestande
2. Die bevordering van menswaardigheid en menslike gesondheid
3. Die bevordering van demokrasie en menseregte
4. Die bevordering van vrede en veiligheid
5. Die bevordering van ’n volhoubare omgewing en ’n mededingende nywerheid

**Die Universiteit Stellenbosch se strategiese ontwikkelingsprojekte:**

1. Toegang tot Elektroniese Bronne: Studentesukses en Navorsingsondersteuning
2. Universiteitevennootskap in Aangepaste Bewegingsaktiwiteite
3. Afrika-sentrum vir Geskilbeslegting
4. Afrika-sentrum vir MIV/Vigsbestuur
5. Sentrum vir die Studie van Kompleksiteit
6. Sentrum vir Indringerbiologie (DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie)
7. Bekamping van Armoede, Dakloosheid en Sosio-Ekonomiese Kwesbaarheid in terme van die Grondwet
8. Kommunikasie- en Inligtingstelsels
9. Energie en die Omgewing
10. Universiteit Stellenbosch Voedselsekerheidsinisiatief
11. Geografiese Inligtingstegnologie
12. Nagraadse Skool (insluitend die Afrika Doktorale Akademie en die Vennootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici)
13. MediaAfrika
14. Fokus op die Bevordering van Menswaardigheid
15. Sekerheidsinstituut vir Regeerkunde en Leierskap (SIGLA@Stellenbosch)
16. Standard Bank Sentrum vir die Ontwikkeling van Leierskap en Mentorskap in Agribesigheid
17. TsamaHub (Sentrum vir Transdissiplinariteit, Volhoubaarheid, Assessering, Modellering en Analise)
18. Ukwanda Landelike Kliniese Skool
19. Eenheid vir Korporatiewe Bestuur in Afrika
20. Virtuele Nagraadse Leersteunprojek
21. Jeugsportinisiatief